Nuusbrief - Noordelike Sinode
# verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- Noordelike Sinode se facebook (http://www.facebook.com/noordsin) en twitter (http://www.twitter.com/noordsin)
- Verskil-argief
- Geloofsvorming webblad: www.noordsingeloof.co.za
- Lig & Kerkbode
- Stabilis: www.stabilis.org.za
- Badseloop kampterrein: *nuwe webwerf:* http://www.badseloopjeugkamp.co.za/
- Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- Kerkgeboue in SA: https://www.facebook.com/Kerkgeboue







20 Februarie 2015
*Nr 03/2015*

## Dankie...

Kollegas en vriende,

Net 'n kort brief van waardering aan almal wat die spesiale sinodesitting verlede Vrydag bygewoon het asook vir julle deelname. 'n Goeie gees het deurgaans geheers en dit was 'n voorreg om deel van dié vergadering te wees. Die wyse waarop julle na mekaar geluister het en ruimte vir mekaar se standpunte gegee het was prysenswaardig. Dankie vir elkeen se welwillendheid in die verband.

Groot dank aan Roelf en sy span, bestaande uit: Lizl-Louise, Fritz, Daniël, Pieter, Attie en Cornel wat die geleentheid baie goed gefasiliteer het. Dewyk en Immanuel se knap hantering van die inligting, Doornpoort wat hulle harte vir ons oopgemaak het en die sinode baie geld gespaar het, baie dankie! Paul, vir jou preek en dat jy gekies het dat ons jou by dié geleentheid kon bevestig. Dit het baie bygedra tot die besondere atmosfeer, baie dankie. Laaste maar nie die minste nie, ons staatmakers in die kantoor, groot waardering vir julle harde werk al maande lank voor die tyd.

Ek is oortuig dat die SDR die regte keuse gemaak het om eers as sinode bymekaar te kom. Nou kan ons ingelig en met groot integriteit die proses in die gemeentes sy loop laat neem. Waardering vir gemeentes wat laat weet het dat alhoewel hulle al lank terug 'n besluit geneem het, hulle tog die proses gaan honoreer en revisie gaan vra op vorige besluite. Sterkte daarmee. Oonthou dat daar 'n ondersteuningspan is wat julle elke tree bystaan. Laat weet as ons kan help.



Met so 'n positiewe ervaring van Vrydag die 13de, is ons nie net hoopvol nie, maar ervaar ons dat hierdie moeilike proses ons nie verdeel nie, maar nader aanmekaar bring. Dankie vir julle voorbidding en boodskappe na die tyd, dit was 'n riem onder die hart.

Saam in Sy diens

*Gustav Claassen* namens die moderatuur.

## Sinodale nuus

**Versoeke vir spesiale voorbidding**: Daar was in die afgelope dae twee versoeke vir spesiale voorbidding. Elke gemeente word versoek om in die lig van hulle plaaslike omstandighede dienooreenkomstig daaraan aandag te gee.

Van die Moderatuur van die Algemene Sinode:
1. Gemeentes doen eerskomende Sondag 22 Februarie 2015 moeite om te bid vir uitkoms vir die gebiede waar dit nie reën nie.
2. Op grond van versoeke dat daar in gemeenskappe interkerklike gebedsgeleenthede gereël word, doen die Moderatuur aan die hand dat kerke plaaslik onderhandel vir 'n geleentheid eerskomende Sondagaand 22 Februarie 2015 of alternatiewelik eerskomende Woensdagaand 25 Februarie 2015.

Van die Gemeente Koedoeskop:
*Roep 'n dag van gebed uit eerskomende Sondag 22 Februarie.*
* Bid vir die gesinne van die 15 Christen mans van die Koptiese kerk in Egipte wat onthoof is vir hulle geloof in Jesus Christus.
* Bid vir hulle gemeentes en ook vir Christene wat swaar ly onder felle vervolging.

- **Artikel 1**

  ** Dokumente / hulpmiddels vir gebruik deur gemeentes: Kliek hier.

  ** Kom ons luister na mekaar: *Standpunte en beskrywingspunte* kan nou alreeds aan Hermien Swart of Immanuel van Tonder gestuur word wat dit dan op ons sinode se webbladsy sal laai. Kliek hier om te sien wat alreeds gelaai is.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- **Bybel-lees met 'n verskil:**



** Byeenkoms: Dinsdag, 3 Maart 2015 om **11:00** by **Blue Crane Restaurant**:
*Teksgedeelte*: **Markus 8:31-9:1.**.
>> *Fanie Cronjé* (083 415 1452) en *Kobus Myburgh* (083 227 7185) ontmoet jou graag daar.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- **Uitnodiging:** Preek-maak geleentheid met die oog op Paasnaweek 2015

  As uitvloeisel én onder die vaandel van Noordelike Sinode se fokusarea *Geloofsvorming* word leraars uitgenooi om van **Maandag 16 Maart 2015 tot Dinsdag 17 Maart 2015** te kom deelneem aan 'n gesamentlike eksegese en preek-maak geleentheid te Good Shepherd Retreat Centre by die Hartbeespoortdam [lees hier verder]

## Kollega nuus

- **Beroepe en bevestigings**

  Proponent **Rocco de Ville van Niekerk** [Divvie] word op 28 Februarie 2015 bevestig as *leraar* van **Dalunie**. Ons wens hom en *Inge* seën toe in hulle nuwe werkkring.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- **Verjaarsdagwense -** Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar het:

| | |
|---|---|
| 11/02 | Johan Bosman [Vaalwater, 082 409 0185, bosmanjnr@vaalwater.ng.org.za] |
| 12/02 | Fouché de Wet [Suidoos-Pretoria, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za] |
| | Gert Vorster [Emeritus, 083 259 9422, vors1234@mweb.co.za] |
| 14/02 | Jannie Hamman [Ellisras-Wes, 082 813 9692, jj@weskerk.co.za] |
| | Tokkie Scheepers [Emeritus, 046 654 0407, tokkie@lantic.net] |
| 16/02 | Niekie Lamprecht [Pretoria-Oos, 083 254 4232, niekie@ooskerk.org.za] |
| 17/02 | Attie Nel [Waverley, 082 418 5054, attie@ngwaverley.co.za] |
| 18/02 | Jacques Erasmus [Hulp en Hoop, 072 653 9845, jacques@ngpottiessuid.org.za] |
| 19/02 | John Vosloo [Marikana, 082 808 8355, jwvos@mweb.co.za] |
| 20/02 | Bernard Rademeyer [Pietpotgietersrus, 083 231 3033, bradem@telkomsa.net] |
| | Gustav Claassen [Monumentpark, 082 856 1943, gustavcl@mweb.co.za |
| | Peet Crous [Lynnwood, 079 893 5572, peetcrous@gmail.com] |
| 23/02 | Pieter Grobler [Emeritus, 083 268 9842, pbgrobler@gmail.com] |
| 25/02 | Drian Viljoen [Kameeldrif, 084 608 2859, drianviljoen@gmail.com] |
| 26/02 | Fay van Eeden [Lynnwood, 083 478 0854, faycve@gmail.com] |
| | Jaap Dreyer [Emeritus, 082 877 3900, jaapdreyer@telkomsa.net] |
| 27/02 | George Nel [Booysen, 083 676 1147, 4nkerk@gmail.com] |
| | Peter Kotzé [Rustenburg-Moeder, 073 262 3484, pkotze@hotmail.com] |

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

| | |
|---|---|
| 10/02 | Marianne de Wet [Hartbeespoort, 012-253 1991, johandw@telkomsa.net] |
| 11/02 | Lizette Cornelissen [Raslouw, 012-654 9828, mariusco@lantic.net] |
| | Hanlie Botha [Mootvallei, 012-546 3545, jan@pastoralepraktyk.co.za] |

14/02 Gerda Barnard [Valhalla-Suid, 012-660 2877, hjjbarnard@telkomsa.net]
Christa Lambrechts [Wespoort, 012-546 8859, hendrikl@telkomsa.net]
17/02 Juckie de Vos [Wonderboompoort, 012-377 0206, whdevos@gmail.com]
18/02 Petro Small [Petronella, 012-545 4093, ngpetronella@mweb.co.za]
Nicolene Venter [Potgietersrus-Oos, 015-491 3032, phventer@mweb.co.za]
23/02 Lynette Gericke [Krokodilrivier, 012-252 6511, cgericke@ngkrokodilrivier.co.za]
Annet Wolhuter [Waterberg, 014-717 5442, wolliewolhuter@telkomsa.net]
Jennifer Botha [Andrew Murray, 082 873 2528, stefan@drcamp.co.za]
31/02 Peet van Eeden [Lynnwood, 012-348 1982, faycve@gmail.com]

## Emeriti nuus

- Die **Taakspan Predikantebegeleiding** wil graag inligting gee oor die doen en late van afgetrede dominees. Die bydraes word versorg deur Louis van Deventer.

Ds Koos Serfontein is op 29 Augustus 1945 op Migdol gebore. Nie Esegiël 29:10 se Migdol nie, maar 'n plekkie in die Noord-Wes met dieselfde betekenis. In Januarie 1973 word hy na Germiston beroep. Hy beskryf hierdie tydperk as 'n tref-en-trap bediening a.g.v. die middestad se hoë wisseling van lidmate.



In 1979 word hy na Rustenburg-Wes beroep. Na 32 jaar in dié gemeente emeriteer hy in Februarie 2011, maar word 'n kontrakpos in dieselfde gemeente aangebied tot 2015. Hy beskryf Rustenburg-Wes as 'n drukkie en omgee gemeente met die wonderlikste kerkraad.

Bejaardesorg lê hom naby aan die hart. Hy is tans voorsitter van die SKDBM en aktief betrokke by vyf van die kerk se ouetehuise.

Met goeie aftreebeplanning het die Here ruim voorsien met 'n aftree plekkie in Bela-Bela, 'n plaas naby Rust De Winter-dam en 'n strandhuis by Scottburgh.

Muntversameling en bietjie houtwerk kan as stokperdjies genoem word, maar die lekkerste is wanneer hy en Antoinette elke aand so 'n paar kilometer gaan stap. Behalwe vir prediking en ander gemeentewerk, SKDBM-vergaderings en die stokperdjies werskaf ds Koos ook op die plaas.

Wat 'n voorreg is dit om in die skaduwee van die kerk die Here te kan dien! Hoe die kerk van die toekoms gaan lyk is onseker. Wat wel duidelik is, is dat die wêreld nie in die kerk moet kom nie, maar die kerk in die wêreld.

**Kontakbesonderhede**: Tel: 014 592 6050; Sel: 082 725 7180; Epos: ngwesrust@telkomsa.net

## Gemeente-nuus

- **Sanddrift**: Neem asseblief kennis van die volgende wysiging:
** Die volgende telefoonnommers bestaan nie meer nie: *Kantoor: 012 277 5009 en *Pastorie: 012 277 5011
** Om die gemeentekantoor te skakel, kontak: Tienkie by 082 713 9307

- **Rooihuiskraal** benodig die dienste van 'n Orrelis wat deel kan vorm van die Sang-, Musiek- en Koorbediening. Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:
** Die persoon moet lief wees vir die Here en Sy Kerk
** Kwalifikasie: minstens lisensiaat in orrel, of B Mus met orrel as instrument of tans besig met studie in die rigting
** Vorige ondervinding is nie nodig nie maar kan tot voordeel van die kandidaat wees.
**Aansoeke moet gerig word** aan Trynie Louw (Die Gemeente-Administrateur) met 'n volledig CV. E-pos aan: trynie@mweb.co.za
**Navrae:** Lizette Jonker 072 112 2309
**Sluitingsdatum:** 27 Februarie 2015

- **Rietfontein-Noord:** Hou weer tydens Pinkster hulle jaarlikse kunsuitstalling met 'n Bybeltema - 15-24 Mei.
* Die tema: *"Gebed".*
* Hulle nooi alle kunstenaars (professioneel en beginners) uit om deel te neem.
* Belangstellendes kan Francois kontak by francois@ngkrn.co.za of 084 860 8000.

## Sake vanuit die kantoor van die Algemene Sinode

❖ **Persvrystelling deur die Moderatuur van die Algemene Sinode**

Die stand van die nasie: "Met die Staatsrede (*State of the Nation Address*) van die Suid-Afrikaanse President, mnr Jacob Zuma, op Donderdag 12 Februarie 2015, het ons land waarskynlik sy heel diepste laagtepunt in die bestaan van die jong demokrasie beleef…" [lees die berig hier]

---

❖ **FEDSAS mediaverklaring:** Gebruik beheerliggaamverkiesing om verskil te maak:

Die 3-jaarlikse skoolbeheerliggaamverkiesing vind gedurende Maart 2015 plaas. Elke ouer het 'n plig om te gaan stem en betrokke te raak. Kry al die inligting by jou plaaslike skool. [Lees die mediaverklaring hier]

---

❖ **#imagine2015**

* Vanjaar se #imagine gaan groter as ooit wees. Die belangrike nuus is dat die inskrywings oopgemaak het en dat elke terrein beperkings het op die getalle wat kan kom. Die noorde en suide kan net 5000 en Oos-Kaap net 4000 akkommodeer. Jy kan op twee maniere help.

* Gaan na die imagine webwerf (http://online.imaginemovement.co.za/what-is-imagine/) en volg die eenvoudige aanlyn registrasieproses en begin tieners inskryf. Die tweede belangrike boodskap is dat julle julle gemeente se tieners moet opgewonde maak.

* Doen dit op twee maniere. Skryf die datum groot orals neer: ***10-12 April**!!* EN wys die promosie video in die kerk!

* Daar is twee video's op ons YouTube channel van 1 minuut en 5 minute lank. Volg die skakel https://www.youtube.com/user/imaginemovementsa

---

❖ **Wêreldbiddag vir Vroue: 6 Maart 2015**



* **Die tema** is deur die Wêreldbiddagkomitee van die Bahamas saamgestel en is: *"Jesus sê, 'Verstaan julle wat ek vir julle gedoen het?"*

* Die Wêreldbiddag vir Vroue (WBvV) is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christen vroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 170 lande vorm. Die Wêreldbiddag strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

**Kontak:** Indien jy meer inligting verlang of programme wil bestel skakel asseblief vir: Joa van Aarde, Tel: 011 975 4598, e-pos: wwdp@telkomsa.net.

Inligting is ook op die webblad http://www.wwdp.co.za beskikbaar.

---

❖ **Uitnodiging tot bydraes vir die werk van die Algemene Sinode se Taakspan Homoseksualiteit**

* Die **Taakspan** van die Algemene Sinode van die NG Kerk insake **Homoseksualiteit** nooi hiermee alle belanghebbendes uit om skriftelik 'n bydrae te lewer tot die werk van die Taakspan in opdrag van die Algemene Sinode 2013 *(... gee opdrag aan die Algemene Sinode Moderamen om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie*): d.i. 'n ondersoek na die status (juridies en eties) van selfdegeslagverhoudinge.

* Hierdie bydrae moet asseblief fokus op die status en **etiese** vrae rondom selfdegeslagverhoudinge. Wat is die 'voorwaardes' waarbinne 'n verhouding tussen twee persone as eties gelukkend beskou kan word en sluit dit persone van dieselfde geslag uit of in?

* Beperk asseblief u bydrae tot 5 A4 bladsye en e-pos dit aan algemenesinode@ngkerk.org.za of pos dit aan:
**Taakspan Homoseksualiteit**, Posbus 13528, Hatfield 0028.

* Alle bydraes moet ons asseblief bereik **voor 31 Maart 2015**

## Worship Conference 2015

**Communitas en Ekklesia** nooi almal na die `n groot konferensie oor erediens en liturgie wat van ***17-19 Maart 2015*** by Helderberg Gemeente, Somerset-Wes gehou word. Die oorkoepelende tema van die konferensie is *God bless Africa: Worship for a Time Like This.* [Lees hier meer]

## Nuusbriewe

❖ **Bybel-Media nuus:** Dié week is die fokus op die jongste *Kerkbode,* 'n *Bybelstudiegids oor 1 Korinthiërs* en gratis *toneelteks*… [Lees hier verder]

❖ **Teo-nuus:** In die uitgawe vra *Christo Lombaard* vrae aan die skrywer van 'n blitsverkoper en skryf oor humor. *Gerda De Villiers* dink verder oor God se afwesigheid na terwyl *Tanya van Wyk* oor Psalm 42-43 skryf. *Jurie le*

*Roux* sit die reeks oor die rasionele verwoording van die geloof voort en skryf 'n meditasie oor Numeri 6:22-23. [Lees hier verder…]

❖ **CLF:** Nuwe leesstof beskikbaar: Nuwe **pamflette** wat onlangs by CLF die lig gesien het, is in samewerking met Amos Agrimin geskryf en fokus veral op die plaaswerkergemeenskap maar is ewe bruikbaar in meer kontekste. Dit is soos altyd gratis, maar in beperkte hoeveelhede by CLF beskikbaar.
** Vir meer inligting of om van hierdie publikasies te bestel, skakel 021 873 6964 of stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za [Lees hier verder…]

## Hugenote Kollege Akademiese Opening 2015

Hugenote Kollege in Wellington, sekerlik een van die bekendste opleidingsinstansies in die dorp het op Maandag 9 Februarie 2015 die dorp behoorlik tot stilstand gebring met hul akademiese openingseremonie. Die glansryke seremonie wat in die Kollegesaal plaasgevind het, het behoorlik uit sy nate gebars. Die seremonie het selfs gespog met bekendes soos Vinette Ebrahim, beroemde 7de Laan sepiester, wat 'n draai gemaak het en die nuwe studente toegespreek het. Dr van der Merwe (rektor van Hugenote Kollege) het ook met trots aangekondig dat die Kollege nou streekkantore in Kimberley en Newcastle geopen het en vir die eerste keer in die Kollege se geskiedenis 'n e-leer platform hierdie jaar loods. *"Dis voorwaar 'n ongelooflike voorreg om vanaf vanjaar die graad, Baccalaureus in Teologie, asook Diplomas en Hoër Sertifikate te kan aanbied"* het hy bygevoeg. Hugenote Kollege is beslis besig om van krag tot krag te groei en wie weet wat die toekoms nog inhou vir hierdie trotse instelling.
** Indien enige leser meer inligting oor die Kollege of kursusse wil bekom, kontak gerus die Bemarking- en Kommunikasiedepartement by 021 873 1181 of info@hugenote.com.



**Foto:** *Vlnr: Mev Wielligh; Dr Van der Merwe (Rektor); Vinette Ebrahim; Dr Du Toit; Mev Wiese*

## Ander nuus

❖ **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**: VBO Kursusse

>> *Klein is goed: hoe om kleingemeentes sinvol te bedien*

- **27-28 Februarie 2015**; Vrydag 10:00-19:00 & Saterdag 09:00-15:00 by Universiteitsoord, Pretoria.
- Aanbieder: dr Carin van Schalkwyk, NG Philippolis
- Koste: R500.00 p/p [2 middagetes, Vrydagaandbraai en verversings ingesluit]
- VBO punte: 10
- Kontak: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / 012 420 6738

>> *Bediening wat lewens verander*

- **17-19 Maart 2015**; Dinsdag 10:00-17:00; Woensdag 09:00-17:00 & Donderdag 09:00-13:00 by NG Nelspruit-Westergloed.
- Aanbieder: dr André van Niekerk, NG Waterkloof
- Koste: R750.00 p/p [2 middagetes en verversings ingesluit]
- VBO punte: 15
- Kontak: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / 012 420 6738 – voor 10 Maart.

❖ **HospiVisie kursusse**

> Advanced short course in trauma councilling (Accident and Emergency Unit Focus)

**Datum**: 23-25 Februarie 2015 (08:30-16:00)
**Koste**: R950.00
**Navrae en registrasie**: Tel 012-329 9492 / friend@hospivision.org.za
*Verdien 20 VBO punte*

> Short course in spiritual care and councelling for the sick

* **Datum:** 9-11 Maart 2015

❖ **Jaarkursus :** Pastorale Sorg en Krisis Berading

**Rustenburg: Februarie – Desember 2015 -** Die oogmerk van hierdie kursus is gevolglik om persone wat 'n passie vir andere se seer het, toe te rus om pastorale begeleiding te kan bied aan diegene wat deur trauma en krisisse geraak is. Die kursus is baie sterk praktyk gerig met talle praktiese voorbeelde wat telkens as toepassing dien van basiese teoretiese uitgangspunte geskoei op Bybelse vertrekpunte. Afgesien van die akademiese

toerusting wat hierdie kursus bied, hou dit ook 'n groot stuk geestelike groei en verryking in – u mag nie hierdie geleentheid misloop nie!
**Status van kursus:** Noordwes-Universiteit Sertifikaat (NWU)
**Vir navrae kontak die Kursusleier:** Dr Hennie Kotze 0826157272

❖ **Kursus in Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsdiens** – aangebied deur *ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum (gestig 1987)*
* **Datum**: **1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016**
* **Teikengroep**: Studente, predikante, jeugwerkers, onderwysers, maatskaplikewerkers, enige professionele persone, en persone wat verryk wil word. [Persone moet rekenaar geletterd wees of toegang daartoe hê]
* **Werkswinkels**: Ses werkswinkels/kontaksessies (2 in Pretoria, 2 in Bloemfontein en 2 in Stellenbosch)
* **Status van kursus**: Sertifikaat. [*Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria*.] *Verdien 100 VBO punte*
* **Registrasie**: Tot en met 28 Februarie 2015
* **Navrae**: Dr Jan Botha (tel 012 5463545, sel 0764815683 en e-pos jan@pastorelepraktyk.co.za) of dr Retha Kruidenier (tel 012 3291352, Sel 0824138462 en e-pos retha@geo-logic.co)

** *(Die kursus is geadverteer in die Kerkbode en LIG, asook bekendgestel deur 'n artikel in die Kerkbode deur die redakteur, Neels Jackson)*

❖ **Retreat**
* **Datum**: **17-19 April** by Hartbeespoortdam (Good Shepherd) - van Vrydag om 18:30 tot Sondag 13:30
* **Tema**: NAVOLGING VAN JESUS - Aangebied deur Willem en Joke Nicol.
* **Inligting**: epos: wnicol@mweb.co.za of skakel 012 345 2927 of 083 966 7831.
* Inskrywings voor 25 Maart. [Lees hier meer…]

------------------------------------------------------------------------------------------------------------

❖ **"Fresh Expressions" van die Kerk 2015 -** U word hartlik uitgenooi om die volgende kursus by te woon:
Afskop op **04 Maart 2015** te **Polokwane** met 'n naweek te **Heron Bridge 29-31 Mei 2015**
** **Afsluiting: Woensdag 30 September 2015**
** **VBO-punte**: 60 punte
** **Kontak** Hannes Bezuidenhout, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za
** **Taal**: Kursus sal in Engels aangebied word

>> Sien aangehegte dokument vir meer inligting

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Harmonie Park : Vakante poste**

### Huishoudelike dienste bestuurder: Harmonie Park

- *Rekenaar en Microsoft Office vaardig*
- *Ervaring van personeel en algemene bestuur wat administratiewe verantwoordelikhede insluit.*
- *Spesiale kennis en ervaring van die bestuur, organisering en toesighouding oor alle huishoudelike afdelings soos skoonmaak-, wassery- en voedseldiens*
- *Afrikaans en Engels taalvaardig*
- *Passievol oor en geduldig met ouer persone*
- *Christelike waardes*
- *Moet in 'n span kan werk.*
- *Moet bereid wees om op die perseel te bly en beskikbaar te wees vir na-uurse bystand.*
- *Geldige bestuurderslisensie*
- *Moet 1 April 2015 diens kan aanvaar.*

**>>** Stuur u CV na bestuurder@harmoniepark.co.za.
**>>** Sluitingsdatum vir aansoeke is 24 Februarie 2015.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------

### Administratiewe beampte: Harmonie Oord

- *Rekenaargeletterd en Microsoft Office en Pastel vaardig.*
- *Goeie administratiewe, organisering en kommunikasie vaardighede*
- *Verantwoordelik vir alle inwonersopnames en finansiële aangeleenthede*
- *Afrikaans en Engels taalvaardig*
- *Passievol oor en geduldig met ouer persone*
- *Christelike waardes*
- *Moet in 'n span kan werk.*
- *Moet bereid wees om op die perseel te bly en beskikbaar te wees vir na-uurse bystand.*

- *Geldige bestuurderslisensie*
- *Moet 4 Mei 2015 diens kan aanvaar.*

**>>** Stuur u CV na admin@harmoniepark.co.za.

**>>** Sluitingsdatum vir aansoeke is 24 Februarie 2015.

---

❖ **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is** om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

❖ **Vakatures op Kerkbode se webwerf:** Heelwat vakante poste oor die land heen is tans beskikbaar. Die amptelike bekendmaking van vakatures vir predikante is by *www.kerkbode.co.za*. Klik by ***Amptelik – Vakatures***.

## Ten slotte

Eksklusief! Die foto waarvan almal praat – *50 Shades of Grey*… [kliek hier]

# BYLAES

## Bybel-Media Nuusbrief 3/2015

### Lees in die Kerkbode van 20 Februarie

#### Donderdae in Swart ...

Oor huishoudelike geweld waarvan vroue dikwels slagoffers is, word daar moeilik openlik gepraat. 'n Veldtog waarin mense op Donderdae swart dra, help egter om die stilte oor hierdie verskynsels te verbreek.

#### Bendes en dwelms?

Onder sy bendemaats was hy bekend as Ice. En die dwelms was besig om hom te vernietig. Maar toe kom daar gelowiges wat na hom uitreik, wat hom help om te herstel, om weer Raymond te word. Analise Wiid vertel sy storie.

#### Almal was wenners

Standplaasverwisselling is hoog op die kerk se agenda. Hier is die verhaal van twee dominees en twee gemeentes wat deur die proses is - en wat almal saamstem: daar was nie verloorders in die proses nie.

#### Lees ook:

- Die skepping wag op die kerk om wakker te word.
- Die rol van emeritus-predikante in die kerk.
- Roelf Opperman gesels oor Claudi.
- So het die NG Kerk Belhar in 1988 beoordeel.

### Jongste Bybelkor-publikasie

#### 1 Korinthiërs

*Om kerk in die wêreld te wees*

Die gelowiges in Korinte, 'n welvarende hawestad waar 'n groot gebrek aan goeie waardes geheers het, moes talle uitdagings oorkom. In Paulus se antwoord aan die Korintiërs op hulle probleme, leer hy ons wat vandag leef ook hoe om kerk van Jesus Christus te wees in 'n wêreld wat Hom nie ken nie.

Pluspunte:

- 23 studies oor wat ons as gelowiges kan leer uit die leiding wat Paulus vir die Korintiërs gegee het te midde van hulle moeilike omstandighede en spesifieke probleme.
- Praktiese raad oor hoe om as Christene te leef in 'n wêreld wat God nie ken nie.
- Spesiaal ontwerp vir kleingroepe, maar kan ook deur individue gebruik word.

Prys: R68,00 (BTW en posgeld ingesluit).

### Toneelteks:

Mema-Media het 'n verskeidenheid toneeltekste wat baie bruikbaar is vir *Passiespel, Pinksterfees, Kersfees en ander* ontvang. Gemeentes kan mildelik hiervan gebruik maak en dit ***gratis*** aflaai by:
http://eshop.bybelmedia.org.za/?s=toneelteks&post_type=product

### Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za

Terug

## Teo-nuusbrief

Baie welkom by die eerste nuusbrief van *teo.co.za* vir vanjaar. In vandag se uitgawe vra Christo Lombaard vrae aan die skrywer van 'n blitsverkoper en skryf oor humor. Gerda De Villiers dink verder oor God se afwesigheid na terwyl Tanya van Wyk oor Psalm 42-43 skryf. Jurie le Roux sit die reeks oor die rasionele verwoording van die geloof voort en skryf 'n meditasie oor Numeri 6:22-23.

**Om die gelag te betaal… – Christo Lombaard**
Humor is 'n snaakse ding. Nie almal kan 'n grap vat nie, en nog minder kan 'n grap vertel – hoeveel keer moet 'n mens maar 'n beleefde klankie uitgiggel vir 'n kongresspreker of gasprediker wie se talente êrens elders as by grapmaak lê? By sommige plekke is humor op 'n manier gevaarlik. Dit is 'n goue reël in die reklamewêreld: bly weg van geloofsake. Die kontroversie is die sous nie werd nie (soos wat Johannesburge padpredikant-advertensieborde verlede jaar weer bewys het). Ewe raar is die geleentheid waar 'n mens godsdiens en grappies durf meng. Min, mín gelowiges sien 'n skalkse Jesus-kwinkslag nie as galgehumor nie – in cowboy-taal, 'Them's hangin' words…'. Figuurlik gesproke. **Lees verder**.

**'n Onderhoud met Dr Gerhard Bothma, skrywer van die nuwe blitsverkoper, 'Wie is ek? 45 dagreise oor Christen-identiteit' – Christo Lombaard**
*Gerhard, op die eerste dag wat hierdie nuwe boek van jou bekendgestel is, is reeds 800 kopieë daarvan verkoop. Waaraan sou jy dié verkope toeskryf?* Reklame en voorkoms speel beslis 'n rol. Die bekende Jannie Pelser se droom vir die uitgewery Toekomsvensters 2015-2020 is ook aansteeklik. Dit gaan gróót word. En ek is gelukkig om daaraan deel te hê. **Lees verder**.

**As God weg is, 06: Genesis 3 – Gerda de Villiers**
Deesdae maak die 'ou waarhede' waarmee die meeste ouer garde grootgeword het, nie meer sin nie. Ons lewe in 'n eeu waarin die feite van die wetenskap die waarheid van die Bybel verkeerd bewys. Om maar by die Ou Testament te begin: evolusie het die 'Skepping' verkeerd bewys; die aarde is nie plat nie, maar rond; en dat 'n slang kan praat, hoort tot die genre van fabels. Enige dominee wat hierdie stories as die absolute en ononderhandelbare waarhede van die kansel verkondig, is ongeloofwaardig, en verloor die vertroue van veral sy of haar denkende lidmate, juis diegene wat die kwynende kerk nie kan bekostig om prys te gee nie. **Lees verder**.

**Prediking: Ps 42-43 – Tanya van Wyk**
Hoe leef mens na 'n groot stryd gestry is? Is jy bly oor die stryd verby is of wag jy vir die volgende stryd om aan te breek? Dalk is ons so gewoond om te baklei, te bekommer, te oorleef, dat ons amper nie weet wat om te doen as dit vir eers (?) nie meer nodig is nie. In sielkunde en ook pastoraat en teologie word hierdie toestand beskryf as 'eksistensiële angs', oftewel, *existential anxiety*. Dit is nie net 'n toestand waarin mens verkeer na 'n groot stryd nie, eintlik is dit algemeen aan die menslike toestand, *the human condition*.**Lees verder**.

**Geloof kan rasioneel verwoord word, 05. Geloofservaring kan ons verstaan – Jurie le Roux**
In die Christelike geloof vorm ervaring die grondslag: 'Geloof dat niet gevoed wordt door ervaringen sterft af' (Stoker 2004:101). Ervaringe wat ook deur 'n geloofsgemeenskap (die kerk) deur middel van 'n liturgie, preke, liedere en gebede gevoed word. Die vraag is egter hoe ons redelik oor dié geloof en dié geloofservaring kan praat. So kan praat dat dit intellektuele respek by ander kan afdwing. **Lees verder**.

**Bid elke dag om God se seën – Jurie le Roux**
***So moet julle sê … Die Here sal julle seën … (Num 6:22-23):*** Daar is nogal 'n klemverskil tussen God se seën (soos by die skepping) en sy redding (soos by Egipte). Albei het wel met die volledige mens te make: God se seën betrek die totale menslike bestaan; God red die totale mens (en nie net 'n siel nie) uit alle ellende. En tog is daar 'n verskil. **Lees verder**.

Die teo-redaksie wens u mooi en seënryke 2015 toe.

Vriendelike teo-co-za-groete

Jurie le Roux, Gerda de Villiers, Alphonso Groenewald & Christo Lombaard

Terug

## Nuwe leesstof beskikbaar by CLF

Nuwe **pamflette** wat onlangs by CLF die lig gesien het, is in samewerking met Amos Agrimin geskryf en fokus veral op die plaaswerkergemeenskap maar is ewe bruikbaar in meer kontekste. Dit is soos altyd gratis, maar in beperkte hoeveelhede by CLF beskikbaar.

- **Word geld-slim -** Jy kan armoede oorwin, maar dan moet jy leer hoe om die geld wat jy reeds het, nog beter te gebruik. Dit help nie jy begeer 'n ander een se goed as jy nie getrou en verantwoordelik is met jou eie goed nie.
- **Word geld-slim met 'n begroting -** Meet om te weet – leer hoe om 'n eenvoudige begroting op te stel om jou te help om geld-slim te word.
- **Maak jou kinders groot soos die Here dit wil hê -** Daar is soveel riglyne in die Bybel hoe die Here wil hê ons ons kinders moet grootmaak. Dit word eenvoudig in hierdie pamflet opgesom – hoe jy 'n kind kan help met sy selfbeeld, om hom of haar te leer van waardes, hoe om jou kind te tug.

- **Hanteer konflik op 'n wen-wen manier -** As jy leer om konflik reg te hanteer, sal al jou verhoudinge, selfs deur konflik, sterker kan groei. Dan word jou verleentheid 'n geleentheid. As jy aanhou om konflik verkeerd te hanteer, gaan die konflik al groter word en jou probleme al meer.

***Sê "Ja!" vir versoening*** is 'n tydige en nodige publikasie. Toe die Nuwe Suid-Afrika gebore is, as ons verwonderd oor die glans van die reënboognasie; ons het entoesiasties gesels oor al die verhale van versoening, oor die Suid-Afrikaanse wonderwerk! Maar nou, twintig jaar later, lyk dit of dié kleure van die reënboog aan die verdof is. Oral is daar tekens van groeiende spanning – tussen individue, klasse, rasse, geloofsgroepe en selfs binne die kerk. Mense is bra sinies oor die moontlikheid van egte versoening. Daarom is hierdie boek van soveel belang. Op 'n boeiende en helder manier word verduidelik wat versoening is en hoe mense by die punt kom om mekaar weer te omhels. Met aangrypende, ware verhale word ons oortuig: versoening is noodsaaklik én moontlik. Want vir die versoening tussen mens en God, die vrede binne ons, die vrede tussen mense en die omvattende vrede wat die aarde en ganse skepping insluit, daarvoor het Christus sy lewe gegee. Ons kan gerus maar "Ja!" sê vir versoening. Dit sal DV aan die einde van Februarie by CLF beskikbaar wees teen R45.

**Suid-Afrika, land van baie godsdienste**
Suid-Afrika is 'n land van baie godsdienste, waarin Christene, Moslems, Hindoes en Jode elke dag met mekaar skouers vryf. Dit maak die lewe interessant, maar dit laat 'n mens ook wonder:

- Wat glo Moslems en Jode?
- Wat is die hoofpunte van die Christelike geloof?
- Hoe moet ek teenoor Hindoes, Boeddhiste en Bahai'i gelowiges optree?
- Speel die tradisionele Afrika-godsdienste nog 'n rol in ons land?

In dié boek word elkeen van die godsdienste van Suid-Afrika aan die orde gestel, voordat daar na die dieper vrae gekyk word:

- Is alle godsdienste gelyk?
- Glo ons aan dieselfde God?
- Kan Christene met mense van ander gelowe in gesprek tree oor hul onderskeie oortuigings en belewenisse?
- Watter riglyne moet in ag geneem word in die dialoog tussen mense van verskillende godsdienste?

Die skrywers wat aan die publikasie meegewerk het, is vanweë doseeropdragte en praktiese ervaring, elk 'n kenner van sy onderwerp. Dit sal DV aan die einde van Februarie by CLF beskikbaar wees teen R220.

Vir meer inligting of om van hierdie publikasies te bestel, skakel 021 873 6964 of stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za

Terug

**TEKSLEES GELEENTHEID**

As uitvloeisel én onder die vaandel van Noordelike Sinode se fokusarea Geloofsvorming

## Preek-maak geleentheid met die oog op Paasnaweek 2015

Leraars word uitgenooi om van **Maandag 16 Maart 2015 tot Dinsdag 17 Maart 2015** te kom deelneem aan 'n gesamentlike eksegese en preek-maak geleentheid te Good Shepherd Retreat Centre by die Hartbeespoortdam.

Ons doelwit is om ten minste 'n preek met die oog op Donderdagaand voor Goeie Vrydag en een met die oog op Paassondag voor te berei. Ons nooi jou hartlik uit om aan die opwindende tekslees te kom deelneem. Jou bydrae sal sonder twyfel vir kollegas van waarde wees.

Die besonderhede is as volg:
**Datum**: Maandag 16 Maart 2015 en Dinsdag 17 Maart 2015
**Plek**: Good Shepherd Retreat Centre
**Tyd**: Begin Dinsdagoggend om 09:30 en sluit Woensdag om 13:00 af - *Jy moet asseblief vir die volle duur van die tekslees geleentheid teenwoordig wees. Indien jy op eie koste kom is jy welkom om te kom en gaan soos jy verkies*.
**Bring saam**: Eie handoek en toiletware; Verversings en drank (daar is 'n yskas in die konferensie vertrek); Bybel en rekenaar/skryfgoed (tekste wat gelees word volg later).
**Etes voorsien**: Maandag - middagete en aandete. Dinsdag - ontbyt. Verversings tussenin.
**Koste**: *Predikante van Noordelike Sinode* woon die geleentheid op sinodale onkoste by.
**Vervoer**: Ry asseblief saam en reiskoste sal dienooreenkomstig deur sinode betaal word.
**Ander kollegas**: R520.00 p/p. Sluit in etes soos hierbo aangedui en eie slaapkamer en badkamer.
**Bespreking**: Kontak ons vandag nog en bespreek jou plek (Fanie Cronjé - 083 415-1452 en Kobus Myburgh - 083 227-7185).

*Hoop regtig om hele klomp van julle daar te sien!*

Terug

## Worship Conference 2015

Communitas en Ekklesia nooi almal na die `n *groot konferensie oor erediens en liturgie* wat van ***17-19 Maart 2015*** by Helderberg Gemeente, Somerset-Wes gehou word. Die oorkoepelende tema van die konferensie is *God bless Africa: Worship for a Time Like This.* [Lees hier meer]

Die konferensie word aangebied saam met die bekende Institute of Christian Worship wat gekoppel is aan Calvin College en Calvin Seminary in Grand Rapids in die VSA. Vier van hulle personeellede (Neal Plantinga, vorige President van die Seminary asook Kathy Smith, Duane Kelderman, and David Rylaarsdam ) sal ook optree.

Daar word `n baie groot verskeidenheid van *werkswinkels en seminare* aangebied, deur aanbieders uit 'n wye verskeidenheid van teologiese en kulturele agtergronde, en daar sal beslis iets wees vir elkeen: predikers, selgroepleiers, kategete, lofprys-groepe en gewone lidmate.

**LW**: Daar is veral ook baie spesifiek rekening gehou met die *behoefte en belangstellings van gewone lidmate*. Kom leer en gesels saam!

**Om in te skryf**, kliek hier: http://ekklesia.org.za/events/worship-conference-2015/

**Vir meer inligting, kontak**: Joanie Batt (021) 808-3381, Chrisna cmer@sun.ac.za of Wilma 021-808 3624 (wler@sun.ac.za )

Terug

## "Vars uitdrukkings" van Kerk 2015

Ons almal in die hoofstroom kerke ervaar dat demografiese skuiwe en die post-moderne kultuur al hoe meer die tradisionele verstaan en uitdrukkings van kerkwees uitdaag. Lidmaat getalle is besig soos om nog nooit te vore nie, te kwyn. Daar is egter wel 'n positiewe tendens dat baie meen hulle is nie "moeg vir Jesus nie, maar wel vir die kerk." Dit skep nuwe geleenthede om geloofsgemeenskappe te stig. Maar hoe doen 'n mens dit?

Vars uitdrukkings van kerkwees is 'n strategie wat amptelik deur die Anglikaanse en ander kerke in Engeland die afgelope 10 jaar aanvaar is, waardeur elke gelowige en gemeente aangemoedig word om naas die bekende en bestaande maniere van kerkwees ook nuwe, vars maniere van kerkwees daar te stel vir die al groter wordende getal kerkvervreemde mense in Engeland.

Ook in die lig van die Algemene Sinode se onlangse verslag van 2011, getiteld "Die Missionale Aard en Roeping van die kerk", wat kerkplanting aanbeveel as vaardigheid vir alle predikante, die groot demografiese veranderinge wat in die meeste Suid-Afrikaanse gemeenskappe plaasvind, asook die krimpende getalle wat baie gemeentes in SA beleef, het die oortuiging ontstaan dat ons as NG familie van kerke baie by die *Fresh Expressions*-beweging in Engeland kan leer.

Na 'n onlangse besoeke van Biskop Graham Cray, die hoof van die beweging in Engeland, het Communitas (Sentrum vir gemeentebegeleiding) besluit om *Ekklesia* (Ekumeniese Sentrum vir leierskapontwikkeling) te versoek om 'n vennootskap met FE Engeland aan te gaan met die oog op die aanbieding van hulle hoofkursus. Hierdie kursus word *Mission Shaped Ministry* (MSM) / *Missionaal Gevormde Gemeentes* (MGG) genoem.

**Die aard van die kursus:**
Teologies missionaal, proses gedrewe en praktyk georiënteerd.

**Waardes van die kursus:**
1. Ekumenies
2. Geestelik verrykend
3. Aanpasbaarheid
4. Gemeenskap vormend
5. Inklusief
6. Volwasse onderrig
7. Praktyk georiënteerd
8. Gebed gebaseerd

**Wie kan die kursus bywoon?**
Leraars, gemeenteleiers, sendelinge en lidmate wat:
1. Besig is om 'n nuwe bediening te ontwikkel.
2. Beplan om 'n nuwe bediening te begin.
3. Hul bestaande gemeente wil transformeer om meer missionaal te wees en te funksioneer.

**Waar en wanneer word die kursus aangebied in 2015?**

| |
|---|
| **Polokwane: Woensdae**<br>**NG Pietersburg-Noord, h/v Dorpstraat en Dr Annecke straat,**<br>**Hospitaalpark, Polokwane.** |

| | | |
|---|---|---|
| Woensdag | 04 Maart 2015 | 09:00 – 16:00 |
| Woensdag | 22 April 2015 | 09:00 – 16:00 |
| **Naweek te Heron Bridge in Midrand**<br>29-31 Mei 2015<br>Gauteng en Limpopo | | |
| Woensdag | 10 Junie 2015 | 09:00 – 16:00 |
| Woensdag | 22 Julie 2015 | 09:00 – 16:00 |
| Woensdag | 19 Augustus 2015 | 09:00 – 16:00 |
| Woensdag | 16 September 2015 | 09:00 – 16:00 |
| **Afsluitingseremonie: Saterdag, 30 September 2015** | | |

**Temas:**
Tydens die 6 maande opleiding sal kursusgangers 24 modules deurloop, sekere modules is opsioneel.
Voorbeelde van temas:
God se sending; Missionale gemeentewees; Dissipelskap; Evangelisasie; Missionale leierskap
Missionale waardes; Evangelie en kultuur; Kinders en jeug; Missionale kleingroepe
Ontwikkeling van nuwe bedieninge

**Taal:**
Kursus sal in Engels aangebied word.

**Koste van die kursus:** R2750 pp
Die sluit die volgende in:
'n Lêer met volledige studente kursusmateriaal. Materiaal slegs in Engels beskikbaar.
Verversings tydens die 24 sessies.

**Kerkrade**:
Lidmate en leraars word aangemoedig om by hulle Kerkrade aansoek te doen vir finansiële ondersteuning.

**Deposito:**
R1200 deposito is betaalbaar voor 25 Februarie 2015.

**Registrasie en navrae:**
Hannes Bezuidenhout, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za

Indien u belangstel om die kursus ook in u omgewing in 2015 te laat aanbied, doen navraag by Philip Botha, 082 823 2272, philipb@sun.ac.za.

**Akkreditasie:**
'n Sertifikaat sal aan suksesvolle kursusgangers tydens 'n akkreditasie geleentheid oorhandig word. Minstens 20 modules moet bygewoon word. Geen eksamen word geskryf nie, wel lees en tuiswerk.

Terug

## Retreat: 17-19 April 2015

**Waar**: Hartbeespoortdam (Good Shepherd) - van Vrydag om 18:30 tot Sondag 13:30
**Tema**: NAVOLGING VAN JESUS
**Aangebied deur**: Willem en Joke Nicol.
**Inskrywings** voor 25 Maart asb.
* Betaal met inskrywing liefs die volle bedrag, anders R300 deposito.
* Prys vir volle losies: R1260 per persoon vir 'n enkelkamer en R1140 as jy 'n kamer met iemand van eie keuse deel.
* As jy wil inskryf:
1. Sms vir Helena Sander om te vra of daar nog plek is: 0823352290
2. Sodra jy 'n ja per sms ontvang, kan jy betaal: HJM Sander, Absa spaarrekening 113091088 (Tak: Woodlands, takkode 630-193)
3. Skryf "retreat + jou van + jou noemnaam by die betaling
4. Epos 'n bewys van betaling aan Helena by sanderhelena0@gmail.com
5. As jy dit deur die bank stuur, stuur dan net 'n *aparte epossie* vir Helena, want *ons benodig jou eposadres*
6. Meld duidelik daarop vir watter bywoners die betaling is
* Indien jy nog nie gewoond is aan periodes van sowat 20 minute stilte nie, laat my weet en ek kry jou vir 'n kort kursus in stilword op Maandagaand 23 Maart om 19:00 in Sunrise View kompleks, Rietvalleirand (roete sal verskaf word).
* As jy meer inligting benodig: wnicol@mweb.co.za of 012 345 2927 of 083 966 7831.

Terug

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***Frans Du Plessis***, *Uitvoerende Sekretaris vir Kommunikasie by KAMCARE*, is beskikbaar vir preekbeurte. Kontak hom by 012-756 4207, 084 870 5003, frans@kamcare.org.
- ***Jan Viljoen*** is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com
- ***Stanley JJ Strydom*** is 'n beroepbare predikant en beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com
- ***Ernst Muller*** in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za
- Emeritus ***Bertus van der Westhuyzen*** is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466
- ***Corne Burger*** is beroepbaar en ook beskikbaar vir afloswerk in gemeentes en speel verskeie musiekinstrumente wat hy in die bediening gebruik. Kontak hom by 073 759 0451 of corne.strings@gmail.com
- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** is beskikbaar vir *afloswerk en preekbeurte*. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za
- ***Danie van Niekerk*** - gelegitimeerde leraar met volle predikantstatus beskikbaar vir deeltydse of voltydse bediening. Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: Ds D van Niekerk, epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881
- ***Dr Jannie Botha*** - Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za
- ***Dr Louis van Deventer*** is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. *Kontakbesonderhede:* e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945
- ***Anton Binneman*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com.
- ***Ds SSB (Fanie)Steyn*** is ook beskikbaar vir preke en hulp in Gemeentes. Bly ook in Pretoria. Kontak hom by 012-997 5003; sel 082 441 1500; fsteyn7@gmail.com
- ***Francois Schwalb*** het verlede jaar gelegitimeer nadat hy sy Teologiese opleiding by Stellenbosch Universiteit voltooi het. Hy werk tans by ZZ2 in Limpopo (Mooketsi - naby Tzaneen) as bemarker. Hy is beskikbaar om af te los of preekbeurte waar te neem by gemeentes in die omliggende area. Kontak hom by francois@zz2online.com of 083 257 8405 / 015-395 8207.

**Teologiese studente en proponente:**
* Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook *leraars* wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.
* Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.

Terug

## Ten slotte




Terug